# DIE LOOP VAN DIE DINGE.

(L. J. DU PLESSIS).

In die buiteland was daar die afgelope vier maande nie juis veel loop in die dinge nie, behalwe dat die Russiese winteroffensief heelwat verder gevorder het as wat aanvanklik verwag is. Inderdaad het die sukses van [illegible]

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

[illegible] gebruik om die eie volk aan te spoor tot die volle inspanning van alle kragte en om die Westerse nasies onder die volle indruk te bring van die Bolsjewistiese gevaar van die Rooi Leer, waarteen Duitsland as die enigste bolwerk voorgestel is. Intussen is die Russiese offensief dan ook weer byna tot stilstand gebring en die wêreld wag om te sien tot watter kragsontwikkeling Duitsland in die komende somer nog in staat sal wees.

Daar was egter ook 'n mate van vordering in die Amerikaans-Brits-Franse poging om die Spilmagte uit Noord-Afrika te lig, hoewel laasgenoemdes nog hardnekkig vastrap in Tunisië. Die ander belangrike ontwikkelinge is die geweldige vermeerdering van die Amerikaanse oorlogsproduksie en die verskerpte bomaanvalle op Europa. Hierteenoor staan die feit dat skeepsverliese nog maar hoog bly en dat daar heelwat span-

ning tussen die bondgenote bestaan, ten opsigte van na-oorlogsplanne veral . Oor die geheel is die mees merkbare ontwikkeling met die oog op toekomstige wêreldverhoudinge die militêre en maritieme magsontplooiing van die Verenigde State.

In Suid-Afrika is die vooruitsigte op 'n algemene verkiesing versterk, hoewel nog niks seker bekend is nie. Met die oog op die verkiesing is daar onder die nasionale Afrikanerdom in twee opsigte gevorder in die rigting van eendragtige optrede, naamlik eerstens deur die aanbod van die Ossewabrandwag om kandidate van 'n eensgesinde Republikeinse front onder die partye met al sy krag te steun en tweedens deur die besluit van die „Nuwe Orde"-groep om geen kandidate te stel nie. Aan die ander kant volhard die Herenigde Party nog in sy houding om „op eie bene" na die eleksie te gaan. Aan die tuisfront van die oorlogsgesindes is egter ook nie alles pais en vree nie: liberaliste en sosialiste trek hier tot 'n mate onder mekaar tou, terwyl die kommuniste onder die beskerming van Min. Steyn voordeel uit die rusie probeer behaal.

Die kommunistiese oplewing was origens ook taamlik merkbaar veral in die aanwakkering van ontevredenheid onder soldate en gekleurdes. Die gelykstellingstrewe wat daarmee gepaard gaan, verwek egter sterk reaksie by die gesete bevolking, ook Engelssprekendes. En selfs Genl. Smuts het hom onthuts verklaar deur sulke opsienbarende bewyse van groeiende astrantheid en selfs losbandigheid onder die gekleurdes soos gelewer deur die vernielingsreis van die gekleurde troepe onlangs van Kaapstad na Johannesburg.

Verder is ons besig om weer in die gewone alledaagse geharrewar te verval. Die heroïese en die verwagting op 'n spoedige volksverlossing raak al meer op die agtergrond. Selfs die hoogverraadsake wat nog enigsins 'n hoër gespanne atmosfeer verwek het, is grotendeels van hulle uitwerking beroof eensdeels deur die internering van die Johannesburgse groep van aangeklaagdes, anderdeels deur die appèl-vertraging in die geval van die Pretoriase hoogverraadsaak. Ook het genl. Smuts blykbaar wysheid geleer uit die Jopie Fourie-geskiedenis, sodat hy nou daaraan voorkeur gee om die gevaarlike elemente liewer in die vergetelheid van die interneringskamp te smoor as om hulle met martelaarskap te kroon deur plotselinge teregstellinge. So twis ons dan maar oor die prys van mielies en die loon van onderstandswerkers en die mate van Afrikaansheid van ons wordende mediese fakulteit, terwyl in die party-politiek die republikeinse vernuwing van ons volkslewe afgewater word tot ekonomiese lotsverbetering van die minderbevoorregte klasse.

Dat die volk egter reikhalsend uitsien na sy komende held word weer bewys deur die besondere belangstelling in die tragiese dood van Johannes van der Walt, wat tog nog iets groots geopenbaar het in sy liggaamlike krag en fisieke moed en in sy geduldige verduring van 'n wegteringslyding, hoewel sy verwonding meer die aard van 'n ongeluk gehad het en sy volksverteenwoordigende lyerstatus in sy laaste lewenstyd verswak is deurdat hy van hom 'n figurant laat maak het in die onderlinge partystryd binne die Afrikanerdom. So het hy dus eindelik gesterf meer as partyheld dan as volksheld. Maar ongetwyfeld sal die uitsuiwerende tydsverloop sy nagedagtenis suiwer van die verbygaande en hom 'n plek gee in die lang ry van die Afrikanerhelde wat hulle lewe gewillig gegee het vir die onsterflike volksaak, 'n plek waarin hy groot sal wees deur die eenvoudige opregtheid van sy Afrikanerskap in lewe en in sterwe.